"In a community such as Middelpos which experiences high levels of migration, this is problematic as census statistics after two or more years are no longer a good measure of the socio-demographic profile and socio-economic needs of communities. Municipalities and non-governmental organisations need this kind of information to help them with their development planning."

In conducting this survey, he says, they were able to determine, among others, the migration patterns of individuals and households, the composition of households in terms of the gender and age of its members, the number of households under the poverty line and unemployment levels.

Some of the issues that were highlighted during the survey, says Prof Heinecken, include the low level of income per household (63% of the residents live below the poverty line and 11% of the residents depend on social grants as their sole source of income), the high level of unemployment, inadequate service delivery, the level of crime and the lack of facilities for recreation and sport.

"Given the extreme level of poverty, it's not surprising that 59% of the residents reported that they often have to go without food and depend largely on family and other community members in time of need," Prof Heinecken said.

Real-life information-gathering

The survey provided the students with real-life information-gathering scenarios. The students learned how to select a representative sample of households when there are three



Jan Vorster with students and community members during the site visit

houses on one plot, where roads are not clearly defined and where houses are not numbered.

"Most of the inhabitants of Middelpos are Xhosa-speaking, which also proved to be a challenge to the students. They were subsequently teamed up with local community members to assist them with the interviews. From the outset it was clear that the community volunteers were enthusiastic and proud to be associated with SU and also saw this as an opportunity not only to learn a new skill but also to help their community," Prof Heinecken said.

She continued: "The difficulties and frustrations of conducting interviews using interpreters and the interplay of the power dynamics of language, class, race and culture taught in the classroom were experienced in practice."

The community volunteers who completed the training and fieldwork, each received a certificate and were recently employed as fieldworkers by two other organisations – thanks to the skills they acquired during this survey. As the survey progressed, the students also became acutely aware of both the value and the shortcomings of quantitative research.

Foto's by ou Lückhoff bou brûe

'n Foto-uitstalling wat die verhaal vertel van ontwortelde mense en 'n skool wat die vertoonvenster van 'n gemeenskap was, is besig om brûe tussen geslagte te bou en die geskiedenis van 'n vervloë tyd vir 'n nuwe geslag betekenis te gee.

Die verhaal van die mense van die Vlakte, die gebied tussen Victoria-, Bird- en Joubertstraat, en Banhoekweg in Stellenbosch, en dié gemeenskap se trots, die Lückhoff-skool, is verewig in die permanente foto-uitstalling wat sedert einde verlede jaar in die ou skoolgebou in Banhoekweg te sien is. Dit vertel die verhaal van die mense van die Vlakte wat deur gedwonge verskuiwings, met net hulle herinneringe, na nuwe woonplekke moes gaan en ook van die skool wat soveel van Suid-Afrika se voorste leiersfigure opgelewer het. En nou word die draadjies van herinnering van die ouer geslag, wat self destyds leerders was, gekoppel aan leerders en studente vir wie dié geskiedenis die eerste keer 'n nuwe gesig aanneem.

Mnr Howard Gordon van die Afdeling Gemeenskapsinteraksie, wat in die ou skoolgebou gehuisves is, sê graad 8-klasse van die huidige Lückhoff Senior Sekondêre Skool in Idasvallei het die uitstalling as deel van 'n skoolprojek besoek.

"Die kinders was verbaas dat die ou Lückhoff nie net hulle skool se voorganger was nie, maar ook dat dit wyd

bekend was vir puik dissipline en die netheid van leerders en die skoolterrein. Hulle was ook gefassineerd om te verneem van die rol wat die skool gespeel het in die lewering van soveel leiersfigure in die hedendaagse geskiedenis."

"Dit gee lewe aan die stories en lewens van die Vlakte en sy mense."

– Mnr Howard Gordon

Mnr Gordon, self 'n oudleerder van Lückhoff, sê hy is gepeper met vrae oor kleredrag, dissipline en die fasiliteite wat die skool destyds gehad het.

"Baie vrae was oor lyfstraf! Dit is vandag glad nie deel van hul verwysingsraamwerk nie."

Die leerders se belangstelling het 'n hoogtepunt bereik toe van hulle familieledede op die foto's uitgeken het. "Baie van hulle het huis toe gegaan en met hulle ouers of grootouers gaan gesels oor hul dae as leerders by die

skool. Sô is die kommunikasie tussen die geslagte weer aangewakker en sô word die geskiedenis van die Vlakte en die Lückhoff-skool lewendig gehou vir volgende geslagte," meen mnr Gordon.

Die foto-uitstalling het ook die belangstelling van studente aan die Universiteit geprikkel. Die Universiteit het die skoolgebou in 2007 aan die breë gemeenskap hertoegewy.

"'n Groep Geskiedenisstudente in hulle derde jaar wat besig is met navorsing oor Lückhoff en die Vlakte het na die foto-uitstalling kom kyk en was verras dat so 'n klein skool sô 'n enorme impak kon hê. Mnr John Abels, ook 'n oudleerder van die skool, het die studente vertel van die gevolge wat die destydse verskuiwings op die gemeenskap gehad het en mnr Hilton Biscombe het DVD's vertoon," vertel mnr Gordon.

Sowel mnr Abels as mnr Biscombe was deel van 'n groep uit die gemeenskap wat meegewerk het om die boek, *In ons bloed*, saam te stel. Dié boek vertel die geskiedenis van die mense van die Vlakte en was ook 'n samewerkingsprojek tussen die US en die



Is dit ouma of oupa se gesig daardie? Hierdie groepie leerders van die Senior Sekondêre Skool Lückhoff in Idasvallei het die besigtiging van die foto-uitstalling in die ou Lückhoff-skool meegemaak. Hulle was heel opgewonde om 'n paar bekende familiegesigte te erken

(Hennie Rudman, SSFD)

gemeenskap. Prof Albert Grundling, hoof van die Departement Geskiedenis, het 'n sleutelrol in die proses gespeel.

"Daar is wye belangstelling van ander skole in die omgewing om ook hierdie uitstalling te besoek. Ons is van plan om later vanjaar die tweede fase van die foto-uitstalling te voltooi wat 'n afdeling oor uitstygery en uitstaltafels, met items uniek aan die skool, soos koerantuitknipsels, jaarboeke en 'Oubaas' Coetzee se Bybel, sal insluit. Die uitstalling bied aan leerders, studente en ander belangstellendes 'n

geleentheid om met die gevolge van die eertydse apartheidsregering se beleide kennis te maak. Dit toon watter impak 'n goeie skool op 'n gemeenskap kan hê en watter trots die skool by die Vlakte en sy mense gegenerer het. Dit gee lewe aan die stories en lewens van die Vlakte en sy mense," het mnr Gordon gesê.

■ Diegene wat bydraes tot die uitstalling wil lewer, is welkom om met mnr Gordon by 021 808 3645 of howard@sun.ac.za te skakel.



André en Lisa du Toit op die kruin van Kilimanjaro!

Om twee berge met een stap te klim...

Poenskop gesny het die Du Toit's die ysige sneeu van Kilimandjaro aangedurf. Stap vir stap het hulle nie net die hoogste bergpiek in Afrika verower nie, maar ook fondse ingesamel vir *The Sunflower Fund* – twee vlieë met een klap, of sal 'n mens liever sê twee berge met een stap?

André du Toit, bestuurder van die Fakulteit Ingenieurswese se rekenaargebruikersarea (FIRGA), en sy vrou Lisa, 'n strukturele ingenieur en Oudmatie, het in 2008 aan dié ekspedisie begin beplan. As paartjie was reisotge verslawend vind, was die 5 895 m hoë Kilimandjaro 'n logiese volgende uitstappie.

Die egpaar het uit die staanspoor besluit om die Kilimandjaro-ekspedisie aan te wend om terselfdertyd 'n goeie doel te steun.

Aangesien hulle persoonlik al met kanker – en spesifiek leukemie – in

aanraking gekom het, was *The Sunflower Fund* 'n "logiese keuse". Dié nieregereguleerde organisasie bestaan met die doel om 'n bron van moontlike, diverse beenmurg-donateurs saam te stel.

Me Adi Phillips, *The Sunflower Fund* se bestuurder van openbare betrekkinge, sê die organisasie het die Du Toit's se projek as "absoluut wonderlik" ervaar. Sy sê die organisasie is veral dankbaar oor die feit dat hulle poging ander geïnspireer het om soortgelyke projekte aan te pak om óók geld in te samel en bewustheid te kweek.

Behalwe vir dié soort blootstelling, het die Du Toit's ook reeds sowat R12 000 vir *The Sunflower Fund* ingesamel. Lisa het as deel van hul fondsinsamelingspoging 'n loting by haar werk gehou, en sô oor die R4 000 ingesamel. Die wenner kon Lisa se pragtige lang hare afskeer, en om sy

poenskop-vrou te ondersteun, het André ook die skeerlem tegemoet gegaan.

Tanzanië verwelkom jaarliks meer as 20 000 stappers wat Kilimandjaro wil aanpak, maar net een uit tien haal die kruin suksesvol.

Hoewel André vasberade sê hy sal "nooit weer" Kilimandjaro, of iets soortgelyks aanpak nie, het die ontdekkingsvinding sy verwagtinge "ver oortref". Om 'n avontuur te geniet en terselfdertyd 'n verskil te maak – soos wat hy en sy vrou kon doen – is iets wat hy sterk aanbeveel.

Diegene wat tot die Du Toit's se fonds vir *The Sunflower Fund* wil bydra, kan André e-pos by adt@sun.ac.za, of *The Sunflower Fund* se webruimte www.sunflowerfund.co.za besoek.

– ANRI VAN DER SPUY

Stellenbosch to benefit from African science

(from page 1)

academically and in the way they will transfer their knowledge and skills to the world of work. This is very much in line with what we wish to achieve at SU. We could see the benefits and we can learn from this type of initiative," Prof Van Zyl explained.

Dr Pauw said universities across the continent have complementary knowledge and skills sets. "This creates the opportunity of seeking out comparative advantages; niche areas that could carve out a place for African researchers in global science."

Prof Van Zyl added: "Certain issues can only be studied in Africa. If this research is done in Africa and by Africans, scientific practice could be improved. African scientists could then be recognised as more than sample collectors for the north."

Among other aspects, the collaboration with KNUST will focus on

natural resources and agriculture. Prof Van Zyl said this was indicative of the real-life difference the universities wished to make.

"We have to ensure that Africa's export products conform to European hygiene standards. South Africa is seen as a unified block with the rest of Africa; it is therefore in our own interest that standards should be consistently high. Thus, there is a strong economic imperative."

For SU agreements with selected African partners are far from being political nice-to-haves. As Prof van Zyl puts it: "It is depth that is important, not statistics." These agreements have already brought results and hold potential for various stakeholders (students, lecturers and management) and at more than one level – academic, economic as well as strategic.

– AMELIA BURGER

Rektor se aanstelling 'n mosie van vertroue in US

(van bladsy 1)

Dr Christoff Pauw, Koördineerder: Suid-Suid Netwerke, bestempel Prof Botman se verkiesing as 'n "belangrike stap in die verwenliking van die Universiteit se strewe om 'n prominente rolspeler in hoër onderwys in Afrika te wees, en van die Rektor se visie van 'n pedagogie van hoop vir en in Afrika".

"Die aanstelling is 'n mosie van vertroue in wat die US reeds bereik het, asook in die egtheid van die nuwe koers wat ons wil inslaan. Die US sal ons pedagogie van hoop in 'n breër konteks kan uitleef. Dis 'n manier van dink oor wat die Universiteit doen betreffende leer, onderrig en navorsing. Ons wil immers wetenskap tot in die samelewing neem, nie net gegradueerdes aflewer nie," sê prof Botman oor sy nuwe rol.

Dié sentiment is in pas met die tema van vanjaar se AAU-konferensie: "Volhoubare ontwikkeling in Afrika: Die rol van hoër onderwys". Die AAU wil opleidingsinstansies toenemend bewus maak van sy verantwoordelikheid in die bevordering van volhoubaarheid, aangesien dit nie net vir Afrika nie, maar globaal van kernbelang is.

"Afrika word toenemend beskou

as die wêreld se oorblywende laboratorium. Daar is talle uitdagings wat antwoorde soek en dis ook relevant vir wêreldstreeke soos Europa, vanweë die genetiese band," meen prof Botman.

By die konferensie is die afgevaardigdes aangemoedig om onderrig en navorsing te stimuleer wat op volhoubare ontwikkeling gefokus is en sodoende oplossings te vind vir die vasteland se vraagstukke. Die konferensie is afgesluit met 'n onderneming om volhoubare ontwikkeling nie net in leerplanne te integreer nie, maar ook in die alledaagse kampuslewe.

Dié ingesteldheid skakel volkome in by die US se Oorhoofse Strategiese Plan (OSP), wat verlede jaar as voertuig vir die posisionering van die Universiteit onderweg na 2015 goedgekeur is.

"Afrika se uitdagings is verweef met dié van Suid-Afrika. Ons leer nog hoe om in 'n demokrasie te leef en om oor grense te beweeg. Die Universiteit moet só 'n ruimte kan skep. Ons moet die wetenskap agter die werklike probleme kan plaas. Ons verstaan nou deeglik dat die vraagstukke omgedraai moet word; ons weet nou dis werklik moontlik," sê prof Botman.

– AMELIA BURGER

Ruimhartige skenking help kinders om biodiversiteit te ontdek

'n Ruimhartige skenking aan *Imbovane* deur Rand Merchant Bank (RMB), gaan leerders aan vyf Wes-Kaapse skole die geleentheid bied om die wonders van biodiversiteit om hulle skole en gemeenskappe te ontdek.

Imbovane is 'n projek van die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie (SIB) aan die Universiteit wat na leerders uitreik om die wêreld van Suid-Afrikaanse biodiversiteit en die verandering daarvan vir hulle te ontsluit.

Die SIB is die uitvoer van 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Departement Wetenskap en Tegnologie en die Nasionale Navorsingstigting. Dit verteenwoordig 'n landwye netwerk navorsers en studente aan Suid-Afrikaanse universiteite en navorsingsinstellings wat op die gebied van biodiversiteit en biologiese indringing werk.

Imbovane ('miere' in Xhosa) is 'n omgewingsopvoedingsprogram wat op omgewings- en biodiversiteitsbewusmaking onder graad 10-leerders aan Wes-Kaapse hoër skole konsentreer. Die projek help onderwysers en leerders met die Nasionale Kurrikulumverklaring-kennisarea van diversiteit, kontinuiteit en verandering deur die verspreiding van miere in beskermde gebiede en aangepaste landskappe, soos skoolterreine en stedelike gebiede, te ondersoek.

"Deur hierdie skenking het RMB *Imbovane* in staat gestel om nie net



In 'n stuk versteurde fynbos rondom hulle skool stel leerders van die Sekondêre Skool Swellendam valle om miere vir die *Imbovane*-projek in te samel

met die huidige ondersteuning van deelnemerskole vol te hou nie, maar om selfs nóg leerders aan biodiversiteitswetenskap as 'n loopbaankeuse bloot te stel," sê prof Steven Chown, Direkteur van SIB.

Hy verduidelik: "Buiten ontmoetings met wetenskaplikes en pret met die veldwerk van wetenskap, lewer leerders ook waardevolle data bydraes oor biodiversiteit in en om hulle gemeenskappe. Leerders wat aan die program deelneem, verrig hulle eie veldwerk en doen só praktiese ervaring in biodiversiteitsonderoek- tegnieke en data-ontleding op. Ook vir die navorsingsgemeenskap is *Imbovane* van uitsonderlike belang, aangesien die ingesamelde data gebruik word om die samestelling van en verandering in mierspesies in die Wes-Kaap te ondersoek."

Danksy die wydverspreide ligging van die deelnemerskole ontvang wetenskaplikes data vanuit 'n reeks ekosisteme, naamlik die Kaapse fynbosgebied, die Nama-Karoo asook die vetplant-Karoo.

Een van die hoogtepunte van die volgende fase van *Imbovane* is die bekendstelling van 'n inskrywingstelsel waardeur skole op hulle gekose vlak van skakeling met die projekspan by die program kan aansluit. Skole in die inskrywingstelsel sal ook hulle monsters na die *Imbovane*-laboratorium aan die US kan stuur om ontleed en geëien te word.

■ Vir nog inligting oor *Imbovane*, besoek <http://www.sun.ac.za/cib/imbovane/index.htm>, of skakel met me Dorette du Plessis by 021 808 2833 of dorette@sun.ac.za.

MIV/vigs-navorsing 'n prioriteit

(van bladsy 1)

Hy het gesê dat hoewel die Suid-Afrikaanse regering al baie gedoen het om gesondheidsorg aan armes beskikbaar te stel, die implementering van gesondheidsorgprogramme, die swak verspreiding van antiretrovirale medikasie, die regering se onvermoë om siektes soos tuberkulose effektief te bestry, die seksuele gedragspatrone van Suid-Afrikaners en die feit dat vroue nog steeds nie ten volle bemagtig is nie, bydra tot die hoë voorkoms van MIV/vigs in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die simposium is aangebied in samewerking met die Higher Education AIDS Programme (HEAIDS) wat deur die Europese Unie (EU) befonds word, met die doel om institusionele strukture te ontwikkel en te versterk.

Die US het verlede jaar R3,5 miljoen van die EU ontvang om sewe kernprojekte van stapel te laat loop wat sal bydra tot die verbetering van institusionele MIV-programme aan die

Universiteit. Die glanspublikasie vorm deel van hierdie sewe projekte.

Die projekte sluit in:

- die bevordering van MIV-onderrig deur kurrikulumontwikkeling en die instelling van 'n grondslag-MIV-kursus vir alle nuwelingsstudente;
- 'n welwees- en MIV-opleidingsstrategie vir personeel;
- die uitbreiding van primêre gesondheidsdienste aan studente en personeel binne die nuwe Kampusgesondheidsdiens;
- die saamstel van 'n databasis van MIV-navorsing binne die Universiteit, asook die fasilitering van groter interne samewerking tussen MIV-navorsers;
- die uitbreiding van informasietegnologie- (IT-)stelsels wat institusionele inligting oor MIV kan deurgee;
- die uitbreiding van portuurvoorligting vir studente na die Tygerbergkampus; en
- die uitbreiding van die fisiese kapasiteit van die Kantoor vir Insti-

tusionele MIV-koördinerings om te help met die bestuur van die projekte.

Me Monica du Toit, koördineerder vir die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinerings, sê die US het reeds talle van hierdie projekte in werking gestel. Sewe departemente en afdelings aan die US bied by MIV-onderrig in hulle kurrikula aan en 'n grondslag-MIV-kursus word aanlyn deur alle nuwelingsstudente voltooi. Ook is me Maureen Kennedy middel 2008 as welweeskoördineerder aangestel om die US se Welweesprogram bekend te stel en die nuwe Kampusgesondheidsdiens is op 14 Mei bekendgestel. Dié diens fokus ook nou meer op MIV/vigs as deel van sy seksuele- en reproductiewegesondheidsdienste.

"Die MIV/vigsnavorsing wat aan die US gedoen word, bring mee dat ons 'n kennisbron het wat mense se lewens verkeerend kan verander en wat ook kan bydra tot ons eie studente se selfkennis," het me Du Toit gesê.

ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

TE KOOP / FOR SALE

For Sale: 3 bedroom townhouse in

**DLC
FIRE PLACE**

Houtverkope

Braaihout Black wattle
R600-00 1000 stukke

Kaggelhout Bloekom
R550-00 1000 stukke

Die afsaag van bome

**Kontak : Desmond
021 886 59 22 / 0840473203**

security complex in De Tjiger. 5km from Tygerberg hospital. Contact 084 608 4632.

For sale: National Geographic Magazines 1992-1995. Each year complete set. R 120 per year; outstanding condition. Contact bap@sun.ac.za or 021 855 2409

TE HUUR / TO LET

Charming Homestead: In Somerset West. 3-bedroom main house & 2-bedroom cottage with separate entrance and parking. Swimming pool, electric fence, beam security, alarm system, landscaped gardens & irrigation. Contact Dr Green on 072 371 5881

Huis te huur: in Stellenbosch. Splinternuwe 3-slaapkamerhuis in veiligheidskompleks vir huurders 55 jaar en ouer. 2

Badkamers – hoofslaapkamer ensuite. Kantoorruimte. Aparte was-en-strykkamer. Volop ingeboude kaste. Kort- of langtermyn. Beskikbaar 1 April 2009. Huur: R7 850/maand (heffing ingesluit). Kontak 021 886 6786 of 072 252 1265

Kamer te huur: Gemeubileerde kamer met badkamer en buitedeur vir werkende jongman, nie-roker. Stil buurt, stapafstand van kampus. R1 800 per maand. Onmiddellik beskikbaar. Tel: 021 883 3828

Somerset West: Furnished 2.5-bedroom flat to rent on daily basis. 4 beds and full bathroom. Secure parking. R350 per day for flat. Contact: 082 439 8808

VERBLYF / ACCOMMODATION

Stellenbosch: Luukse woonstel vir 2 persone. Selfsorg/etes verskaf. Veilige parkering. Private tuin. Besoek

www.andria.co.za of skakel 073 194 6382 of 021 883 3322

Somerset West: Accommodation in Somerset West for parents plus student: New self-catering unit for two plus one over 15 years. Two adults, R450 per day, plus R80 for additional family member. Please phone: 021 851 1475 or 083 754 2493 or e-mail gudrunholidays@gmail.com

Strand Pavilion: A week's timeshare during June school holidays 03/07/09 – 10/07/09 at the Strand Pavilion right on the beach-front. Sleeps 6. R3 500. Call 084 608 4632

Verblyf Stellenbosch: Selfsorg akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R120 p/p/p dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat.

Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

SAAMRYKLUBS / LIFT CLUBS

Southern Suburbs – Stellenbosch: Lift urgently needed from Southern Suburbs to Stellenbosch. Please contact L Rademeyer at 021 887 3113 (office), 021 797 9649 (after hours) or on e-mail at lr2@sun.ac.za. Will make a contribution towards petrol expenses

Strand – Stellenbosch: Bestaande ryklub benodig twee persone om in te skakel by ryklub vanaf Strand na Stellenbosch. Werksure: 08:00 – 16:30. Navrae: Marieta van Wyk by 021 808 4611 (werk); 083 634 9860 (sel) of mvw@sun.ac.za

Dirk Meerkotter en Abstraksie by Sasol Kunsmuseum te sien

'n Uitstalling van werke van Dirk Meerkotter word van Junie tot einde September in die Sasol Kunsmuseum aangebied. Dit is moontlik gemaak deur dr Peter Freund, inisierder van die Peter and Catherine Freund-versameling by die Sasol Kunsmuseum.

Die uitstalling word op 6 Junie (Saterdag) om 11:00 amptelik geopen deur prof Muller Ballot, oud-direkteur van die Sasol Kunsmuseum met 'n praatjie oor *Meerkotter en Abstraksie*.

Die Kunsmuseum het 'n dertigtal werke by die kunstenaar geleen wat 'n goeie oorsig van sy ontwikkeling as abstrakte grafiese kunstenaar bied. Dit dek sy uitset van 1973 tot 2001. Die Museum het ook nege Meerkotterwerke in die Freund-versameling.

Dirk Meerkotter het sy passie vir kuns ontdek net voor hy in 1944 as apteker gekwalifiseer het. Hy was toe reeds 'n gesinsman en het gevoel dat hy nie net op kuns kon staatmaak om te oorleef nie. Ondanks sy voltydse en bedrywige werk as apteker, het hy nogtans al in 1950 sy eerste uitstalling gehou.

Meerkotter het onder Maurice van Essche gestudeer en homself ook geleer deur talle soorte kunsvorme te ondersoek. 'n Belangstelling in keramiek lei daartoe dat hy in 1969 muurpaneel vir 'n fabriek in Martindale, in 1980 vir die Staatsteater in Pretoria en in 1985 vir die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein gemaak het.

Sedert 1967 het Meerkotter ontwikkel as een van die voorste grafiese kunstenaars in Suid-Afrika – met 'n fokus op etse en die bemeestering van akwatinte. Hy het ook wyd gereis en ná sy aftrede as apteker gereisd in Parys by die Cite Internationale des Arts aangedoen om op hoogte van kunsverwikkelling te bly en om te werk.

- Sy kunswerk kan by die Sasol Kunsmuseum, (Ryneveldstraat 52) besigtig word. Skakel 021 808 3695 vir nog inligting. Die Kunsmuseum is Maandag van 10:00 tot 16:30 en Dinsdag tot Saterdag van 09:00 tot 16:30 oop. Toegang: R5 vir volwassenes en R2 vir studente.



Dylan Lewis

The giant lion (photo right) in front of the Law Faculty will still be with us for the foreseeable future. The Dylan Lewis exhibition – which showcases 23 dramatic animal works around Stellenbosch – has been extended to the end of October. Dylan is widely regarded as one of the world's foremost sculptors of the animal form. Over the past 15 years he has exhibited extensively, both in South Africa and internationally, and he is one of only a handful of living artists to have had a solo auction at Christie's of London. Other pieces on display at the University include *Stalking Cheetah* at the Theology Faculty, *Striding Fragment* and *Running Fragment*, both at the Sasol Art Museum, and *Surveying Cheetah II* at the Stellenbosch University Art Gallery.

(Hennie Rudman, SSFD)



Johann Louw

As jy op soek is na iets interessants om die koue winterure vinniger te laat omgaan, is die tentoonstelling van Johann Louw se skilderye, tekeninge en kunsafdrukke van die afgelope dekades die ware Jakob. Dié Suid-Afrikaanse kunstenaar en skilder se werke is tot 13 Junie in die Sasol Kunsmuseum te sien. Hier (foto regs) verskyn een van Louw se werke, *Naakfiguur met Blokhuis*, wat deel vorm van die uitstalling. Die Kunsmuseum is oop op Maandag van 10:00 tot 16:30 en Dinsdag tot Saterdag van 09:00 tot 16:30.



Koop nou al kaartjies vir Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees

Die sesde Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees vind van 3 tot 12 Julie in die Konservatorium van die Universiteit Stellenbosch plaas.

Dié fees is die geesteskind van artistieke direkteur prof Nina Schumann en het sedert die eerste aanbieding in 2004 tot so 'n mate in gehalte en grootte gegroei dat dit vandag vergelykbaar is met soortgelyke kamermusiekfeeste in Europa en die VSA. Dit is die enigste fees in Afrika waar daar van kamermusiek gebruik gemaak word om 'n liefde en aanvoeling vir klassieke musiek te kweek deur middel van intensiewe onderrig, openbare meesterklasse en uitvoerings.

Ongeveer 200 studente, groten-deels Suid-Afrikaners, tussen die ouderdomme van 12 en 28, word in ongeveer 55 kamermusiekgroepe ingedeel, en hulle speel terselfdertyd in die Fees se simfonie-orkeste of die Fees se konsertorkeste, wat albei deur 'n internasionale dirigent gedirigeer word. Voorts word hulle onderrig deur 'n fakulteit bestaande uit internasionaal hoogaangeskrewe uitvoerders en onderwysers. Die 86-jarige Israelse vioollegende Ivry Gitlis is vanjaar by die fees om sy kundigheid en ondervinding met almal te deel. Die bekende Suid-Afrikaanse ver-

maaklikheidspersoonlikheid Nataniël sal sy eie kleur aan sy vertellerstekste gee.

Nog 'n hoogtepunte om na uit te sien, is die internasionale CD-vrstelling van die Vivaldi/Piazzolla Seisoene, gespeel deur die Nederlands-Britse vioolsensasie Daniel Rowland, saam met die Universiteit Stellenbosch Camerata.

Rowland en ander internasionale uitvoerders tree ook in 'n reeks aand-konserte op wat afgesluit word met uitvoerings deur die twee feesorkeste. Orkeswerke wat uitgevoer word is onder meer die Dvořák-tjellokonsert met Thomas Carroll as solis, die Richard Strauss Franse horingkonsert met Abel Perreira as solis, Peter Klatzow se *Tintinyane*, asook Mussorgsky se *Pictures at an Exhibition*.

■ Konsertbesprekings kan reeds by Computicket gedoen word. 'n Feeskaartjie, wat goedkoper toegang tot al die feesaktiwiteite bied, kan op die webtuiste www.su.ac.za/chambermusicfestival aangekoop word. Vir nog inligting, skakel die feesdirekteur, Peter Martens, by 021 808 2343, 072 532 3235, of martensp@sun.ac.za.

BOEKE / BOOKS

ONS ONGEHOORDE SOORT: BESKOUINGS OOR DIE WERK VAN ANTJIE KROG

Louise Viljoen

Antjie Krog is tans een van die belangrikste skrywers in Suid-Afrika en bekend vir die vreeslose wyse waarop sy in elke publikasie haar eie posisie as mens en skrywer in Suid-Afrika ondersoek. Die titel van Louise Viljoen se versameling opstelle oor Krog se werk is ontleen aan 'n gedig waarin

Krog na skrywende vroue as "ons ongehoorde soort" verwys. Die verwysing na "ongehoordheid" is 'n veelseggende aanduiding van die wyse waarop Krog telkens op byna verregaande wyse die grense van die bekende en aanvaarde oorskry, maar dit ook regkry om met haar werk stem te gee aan diegene wat vantevore nie gehoor is nie. Die opstelle in *Ons Ongehoorde Soort* gee erkenning aan haar veelsydigheid as skrywer deurdat dit ondersoek instel na die werk wat Krog op die gebied van die poësie, prosa en vertaling doen. Daar word aandag gewy aan belangrike temas in haar werk en rekenskap gegee van bepaalde ontwikkelinge in haar oeuvre. Die fokus val op haar verhouding met die literêre tradisie waarbinne sy skryf, haar interaksie met vroue- literêre voorgangers en vroue uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis, haar bemoeienis met die transformasies van identiteit binne die Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks, haar pogings om deur vertaling die ruimte van Afrikaans uit te brei en haar gedurfdede hantering van vrouelike liggaamlikheid. Prys: R175



GELOOF EN OPENBARE LEWE – VERSAMELDE OPSTELLE

Dirk J Smit

Het die Christelike geloof enigiets met die openbare lewe te make; het die geloof enigiets betekenisvol by te dra tot die openbare lewe – en indien wel, hoe gebeur dit? Wat beteken "die openbare lewe" eintlik? Hoe word die lewe van mense met mekaar hoegenaamd ten goede beïnvloed? Waar val die

belangrike beslissings oor die menslike kwaliteit van ons samelewings? Hoe en waar word die openbare mening gevorm? Op watter wyses – indien enigins – kan "die kerk" 'n bydrae tot die openbare lewe en die openbare mening lewer? Op watter wyse verkondig en leef die kerk die evangelie as boodskap van "heil vir die wêreld"? Die opstelle in hierdie bundel dink vanuit 'n wye verskeidenheid gesigshoekes oor hierdie soort vrae na. Aangesien "kerk" baie betekenis kan hê en na verskillende sosiale gestaltes kan verwys, word die volgende vraagstukke in hierdie werk ondersoek: die openbare rol van die kerk as instituut of kerkverband; die openbare gevolge van die Christelike erediens en aanbidding; die sogenaamde openbare getuienis van die kerk – ook oor die jare heen in Suid-Afrika; die openbare gesprekke oor waardes en moraliteit in Suid-Afrika vandag en die vraag of die Christelike tradisie daartoe 'n bydrae gelewer het en kan lewer; die aard van die Christelike roeping en hoe gelowiges dié roeping in hul eie alledaagse lewens ervaar en beoefen. Prys: R225



These titles are available from African SUN MeDIA Pty (Ltd.)

Saving the day – in high-heeled boots!

Thieves and criminals beware! Superwoman eat your heart out! There's a new superhero on campus who is cool, calm, collected, relies on her senses, readily confronts suspicious strangers – and bravely and unhesitatingly chases after thieves in her high-heeled boots!

Ms Conita Henry of the Communication and Liaison Division in Admin B, recently noticed a stranger in the hallway outside her office. Although this stranger was carrying University internal post envelopes and displaying an identity card similar to student and staff cards, her instincts told her that something was wrong. "He just looked funny," she remembers.

She asked the man if he needed help, upon which he shook his head and moved in the direction of Admin A. Ms Henry immediately called to a colleague, whose office had stood open while she had been elsewhere,

to check if anything was missing.

When the colleague realised that her purse had disappeared from her desk, Ms Henry immediately chased after the man, who had since reached Admin A. "You don't think when it happens," she says. "I just felt I *had* to do something. Only afterwards did I start thinking he could have had a knife or something."

Running on her high-heeled shoes, she tracked the man in the parking lot outside Admin A and down Crozier Street where he was apprehended by two alerted University Protection Services (better known as USBD) officials, Mr Msonjani Mbasana and Mr Greg Julies, and an ADT guard, Mr Charlton Davids. The stolen purse was returned to Ms Henry's colleague. "I'm just happy we got the purse back safely and that no one was hurt," Ms Henry said.

She added: "Staff members should not be afraid of stopping someone to

ask for identification if the person looked suspicious. These people already know the set-up at the University and staff members shouldn't take it personally if someone asks for identification. We have to take control of the situation."

Ms Priscilla Booysen, client liaison officer at USBD, encourages staff to be more proactive and alert. "Although we don't want to encourage people to expose themselves to danger by chasing criminals, we're proud of Ms Henry, who had the courage to protect a colleague's property with determination and tenacity."

Ms Booysen encourages staff members to take note of who their colleagues, clients and suppliers in their working environments are and to confront anyone who seems to be out of place or suspicious. "If the person seems uncertain, nervous or uncomfortable, refer them to us for further help," she said.

Moreover, Ms Booysen advises staff to heed the following tips to ensure their safety on campus:

- Keep your office doors locked when you are out.
- Lock valuable items away when you leave your office and cannot lock your door.
- Always place valuable items out of sight and reach, also when guests or clients are received in your office.
- Confront strangers immediately and alert the USBD of any suspicious-looking people.
- Do not merely assume that someone is a co-staff member – ask for identification.

For more information on, or assistance in securing your safety, contact USBD at 021 808 2330 or visit their website at www.sun.ac.za/usbd.

– ANRI VAN DER SPUY



Conita Henry, nemesis of campus thieves



Johann Cook ontvang Oppenheimer-toekenning

Prof Johann Cook (foto) van die Departement Antieke Studie het die Oppenheimer Memorial Trust-toekenning ontvang. Dié gesogte toekenning is gedoen vir 'n navorsingsprojek wat in die tweede semester vanjaar aan die Universiteit van Leiden in Nederland afgehandel sal word. Die navorsing is gemik op die *Septuaginta* (die Griekse vertaling van die Hebreeuse Bybel). Prof Cook sal konsentreer op die Wysheidsliteratuur en meer spesifiek op die boeke *Sprenke* en *Job*. Die hooftema van hierdie navorsing is om die ontstaansmilieu van hierdie unieke boeke te bepaal. Die navorsing sal in samewerking met prof Arie van der Kooij, bekende Ou-Testamentikus en internasionaal bekende Septuagintoloog van Leiden, uitgevoer word.

Coventry takes academia to YouTube and Facebook!

By utilising digital tools – even the 'less conventional ones' – more effectively academics and communication divisions at universities can disseminate their research and other information in ways that are more accessible to their counterparts and the general public. This was the message from a multimedia expert of Coventry University who recently shared his experience with role players involved in digital media initiatives at Stellenbosch University.

Mr Peter Woodbridge, Creative Multimedia Manager at Coventry University in the United Kingdom, was invited here by the Communication and Liaison Division to present sessions on various aspects of digital media.

"Although SU has started experimenting with various digital tools, Peter's input has confirmed that our vision of an integrated approach to digital communication is on the right track. Peter shared with us information on successful projects launched at Coventry, as well as valuable lessons learnt. A multidisciplinary digital media team has since been established for SU to ensure that we stay abreast of the exciting new trends in digital communication," said Ms Lize Esterhuizen. Head: e-Communication Development.

Mr Woodbridge started working with Coventry University's central marketing team about a year ago and is responsible for marketing Coventry via the Internet. He said the web had revolutionised how people were accessing information. "The web has changed the way we communicate and we wanted to make sure that our communication tools were relevant to our students, alumni, academic partners and international audiences."

He continued: "The web has enabled us to be more creative with video, audio and documents. We felt that we could do more with our content, get people to engage and give students a better idea of what was happening at the university. Even for academic and research purposes there are ways that we can use multimedia very effectively, especially aimed at the youth that has grown up in a

digital world."

Part of Mr Woodbridge's job entails experimenting with various aspects of Web 2.0. Although the university's own website remains an important communication and information platform, it is crucial to ensure that one's information is also 'out there' on other platforms where the web-user masses already are. *Facebook* and *YouTube* are two such examples.

"These projects are opening up academic research to a wider audience. Feedback from academics at Coventry University has indicated that disseminating their research via the Internet has not only meant that their work is likely to be read by a wider audience and cited more often, but have put them in contact with other experts working on similar research," Mr Woodbridge added.



Peter Woodbridge (front, second from the right) from Coventry University with members of the Communication and Liaison Division. In front, from the left are Liezl Scholtz, Lize Esterhuizen, Mr Woodbridge and Charles Nolte. At the back, from the left, are Mohamed Shaikh, Martin Viljoen and Alida Louw-Joubert

Now you can blog and tweet!

As from today the University's digital news areas are run on Blog technology.

The Afrikaans news is available at <http://blogs.sun.ac.za/nuus> and the English version at <http://blogs.sun.ac.za/news>.

You can now also subscribe to your preferred RSS feeds and follow the University on Twitter.

General news on the University can be found at <http://twitter.com/StellenboschUni>, while student-related tweets are available at <http://twitter.com/matiesstudents>.

PIETER VON WIELLIGH LEWER PROFESSORALE INTREEREDE

Prof Pieter von Wielligh van die Departement Rekeningkunde het onlangs sy professorale intreerede in die Jannaschsaal van die Konservatorium gelewer. Sy intreerede het ge-



handel oor *Die pad na 'n raamwerk vir die oudit van versekeringskontrakte en verdienste van Suid-Afrikaanse langtermynversekering*. Op die foto verskyn prof Von Wielligh (middel) saam met die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies, prof Leopoldt van Huyssteen (links), en prof Johann de Villiers, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

(Lynne Rippenaar)

REINECKE GOES 'UNDERGROUND TO EXPOSE SILENT KILLERS'



Prof Sophie Reinecke of the Department of Botany and Zoology recently delivered her inaugural lecture in the Jannasch Hall of the Conservatoire. The title was *Going underground to expose silent killers: Using biomarkers*. Appearing with her at the event are Profs Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research (left), and Eugene Cloete, Dean of the Faculty of Science.

(Liezl Scholtz)

Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 29 Junie 2009

Redakteur: Lynne Rippenaar
Bladontwerp: Heloise Davis
Advertensies: Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: (021) 808 4851, faks: (021) 808 3800, e-pos: lynnr@sun.ac.za
Drukwerk: Shumani Printers

